# Hoofstuk van die dag: Deuteronomium 9

> *Jy moet goed onthou dat die Here jou God nie hierdie goeie land vir jou gee om in besit te neem omdat jy volmaak is nie. Jy is ’n hardkoppige volk. (vers 6)*

Ons wil almal graag raakgesien wees. Ons vier ons prestasies

en hou daarvan om op die skouer geklop te word as ons iets bereik het. Dit as sodanig is nie verkeerd nie, mits dit met die nodige erkentlikheid en beskeidenheid gebeur.
Moses was bekommerd dat Israel groot kop gaan kry wanneer hulle teen alle verwagting in die oormag van Kanaän verower (vers 1). Hy het geweet dat dit maklik is om te vergeet waar jou hulp vandaan gekom het as jou taak eers afgehandel is. Dan is dit nie meer die Here se goeie guns nie, maar jou eie prestasie wat dit bewerkstellig het.
Trots in die sin van eiegeregtige hoogmoed word dikwels in die Bybel veroordeel of in 'n uiters negatiewe lig gestel. Dit skreeu teen alles wat die Gees in ons wil werk (Gal 5:23). Die mens wat nie naby God leef nie, is afskuwelik, waarsku Paulus in Rom 1:30.: "… hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand …"
Erkentlik en beskeie, want ons roem lê nie in onsself nie, maar in God.

## Onlangse Bydraes


- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026